

# KONINKRYK.

# LES 25

<b>1</b>	<b>GEBED</b>
----------	--------------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	<b>UITWISSELING</b> (20 minute) <b>[STILTETYE]</b> <b>PSALM 84, 90, 91 en 92</b>
----------	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 84, 90, 91 en 92). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	<b>MEMORISERING</b> (5 minute) <b>[GOD SE MAJESTEIT]</b> <b>(1) JESAJA 40:25-26</b>
----------	--

Die elfdie **reeks (K)** memoriseringsverse gaan oor **“God se majesteit”**. Die titels van die vyf Bybelverse is:

1. God is onvergelykbaar. Jesaja 40:25-26
2. God is majestuees. 1 Kronieke 29:11
3. God is soewerein. Efesiërs 1:11-12
4. God is alwetend. Hebreërs 4:13
5. God is almagtig. Jeremia 32:17

*Repeteer* die teks twee aan twee.

**(1) God is onvergelykbaar. Jesaja 40:25-26.** Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige. Kyk na die hemel: wie die die sterre geskep? Hy is die Diewat die hemelse leerlaat uittrekin hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak die. Met sy groot krag, sy groot mag, sorh Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie.

<b>4</b>	<b>ONDERRIG</b> (85 minute) <b>[DIE GELYKENISSE VAN JESUS]</b> <b>’N BLINDE WAT ’N BLINDE LEI</b> <b>en DIE VERSTANDIGE EN DIE DWASE BOUERS</b>
----------	---

**“Die gelykenis van ’n blinde wat ’n blinde lei” in Matteus 15:14  
en “die gelykenis van die verstandige en dwase bouers” in Matteus 7:24-27 is gelykenisse oor  
GEOHOORSAAMHEID AAN GOD SE WOORD IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

## A. DIE GELYKENIS VAN ’N BLINDE WAT ’N BLINDE LEI

*Lees* Matteus 15:1-20 en Lukas 6:39-42.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Bespreek.** Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

’n Gids moet wel self kan sien waar hy gaan en waarheen hy ander lei. Anders kan hy nie ’n gids wees nie en ander veilig lei nie! “’n Blinde gids” sê dus wel iets oor die gids: hy lei mense van die wal in die sloot!

## **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?  
**Aantekeninge.**

### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 15:1-12.**

Dit Bybelgedeelte is belangrik met betrekking tot die vraag oor menslike tradisies in hul verhouding tot die Woord van God. Ons bespreek die ontwikkeling van “die oorlewering van die oudstes” en hoe Jesus Christus die oorlewering van die oudstes en die mense wat hierdie oorlewering of tradisie van die oudstes bevorder beoordeel.

**Die ontwikkeling van die oorlewering van die oudstes.** “Die oorlewering of tradisie van die oudstes” het bestaan uit ’n geweldige hoeveelheid interpretasies (opvattinge) van die Ou-Testamentiese wet en veral uit menslike menings en menslike besluite hoe hierdie wette in verskillende omstandighede toegepas moes word. Hierdie tradisies is in die verlede van geslag tot geslag oorgedra. Belangrik is om te weet dat Jode hierdie oorlewering of tradisies as ewe bindend beskou het as die wet van God self, omdat volgens die mening van die Skrifgeleerdes, hierdie oorlewering of tradisies aangetoon het wat die bedoeling van die wet van God sou wees en hoe dit in die daaglikse lewe toegepas moes word.

In baie gevalle het hierdie menings en besluite vër buite wat die wet van God self vereis, gegaan! Byvoorbeeld, volgens Matteus 12:1-8 leer die oorlewering of tradisie dat ’n mens geen graanare mag pluk op die sabbatdag nie (want dan sou dit beteken dat daar op die sabbat gewerk word). In ander gevalle weer het die oorlewering of tradisies geen reg laat geskied aan die vereistes van die wet van God nie. Byvoorbeeld, volgens Matteus 5:20-48 leer die oorlewering of tradisie dat die uiterlike nakom van die Tien Gebooie voldoende is.

Die vereiste om ritueel rein te wees in Matteus 15:1-2 is ’n geval waar die oorlewering of tradisie van die oudstes baie meer vereis het as wat die wet bedoel het. Die wet van God vereis “heiligheid” (Levitikus 19:2) en ’n soortgelyke heiligheid impliseer innerlike heiligheid wat deur die uiterlik etiese gedrag en in bepaaldie seremoniële (rituele) handeling tot uiting moes kom.

Byvoorbeeld, die mense moes hul klere was voordat God op die berg Sinai (Eksodus 19:10-11) neergedaal het. Die priesters moes ’ bad neem alvorens hulle bepaalde heilige rituele handeling mog verrig (Levitikus 15:1-33; 16:26,28; 17:15-16). Aaron en sy seuns moes hulle hande was alvorens hulle bepaalde handeling in die tabernakel mog verrig (Eksodus 30:17-21). In bepaalde omstandighede skryf God die afspoel van hande aan alle mense voor (Levitikus 15:11; Deuteronomium 21:6). *Maar die wet van God het nêrens die rituele afspoel van hande by elke maaltyd voorgeskryf nie!* Dit was ’n oorlewering of tradisie van die oudstes en word nêrens in die Bybel deur ’n voorskrif van God gesteu nie! Nogtans lê die Fariseërs die nadruk op die afspoel van hande *vóór elke maaltyd* (Markus 7:3-4). Sake wat nêrens in die wet van God in die Bybel voorgeskryf is nie, is so beklemtoon dat die werklike bedoeling (betekenis) van die wet van God verlore gegaan het.

**Hoe het hierdie tradisie van die oudstes so ontwikkel in die geskiedenis van Israël?** Die vernietiging van die tempel in 586 v.C. en die Babeloniese ballingskap het die Jode vreeslik geskok. Die tydperk van die Babeloniese ballingskap word bereken:

- vanaf die eerste inval van Nebukadneser in 605 v.C. tot die eerste terugkeer in 537 v.C.
- of vanaf die vernietiging van die tempel in 586 v.C. tot die herbouing van die tempel in 516 v.C.

Die godvresende deel van die volk van Israel het besef dat die ballingskap ’n straf van God was, omdat Israel hom van die HERE hul God had afgekeer het. Hulle het geweet dat hul enigste hoop op versoening en herstel was om met hulle hele hart na die HERE terug te keer (Jeremia 29:13-14). Hulle het geglo en gehoop dat as hulle weer die wet van God sou gehoorsaam soos die in die eerste vyf boeke van die Ou Testament (die Wet) geopenbaar is, die guns van God weer op hulle sou neerdaal.

- Tydens die ballingskap het die profete Esegieël en Daniël die weg gelei.
- Na die ballingskap het die skrifgeleerde Esra en die profete Haggai, Sagaria en Maleagi die weg gelei.

Die nuwe omstandighede in Israel het skynbaar vir nuwe toepassings van die wet van God gevra. Vir ’n tydjie het dit gelyk asof dit goed gegaan het.

Maar al gou het ’n sekte ontstaan wat **die “party van die Fariseërs”** genoem is. Hul naam beteken: “hulle wat hulle afgeskei het”. Hulle het gespesialiseer in die uitdink, verkondiging en verspreiding van allerande soorte reëls waarvan hulle gedink het dat hulle op die wet van God gebaseer was. Hulle het so baie daarvan gehou om nuwe reëls te maak dat hulle tallose onsinnige reëls bedink het! Die hoogste eer is gegee aan die beroemdste rabbi’s onder hulle. Alles wat hierdie rabbi’s ookal gesê het, is van geslag tot geslag oorgelewer. Die leraars van die wet het dié geskool wat verbonde was aan ’n bepaalde sinagoge en het die kinders geleer hoe hulle die Ou Testament moes lees en hoe hierdie rabbi’s van weleer die wet uitgelê (vertolk) het. Matteus 5:21 verwys na hierdie “oudstes van weleer” (ANV: “dat daar van die ou

tyd af aan die mense gesê is”). Hul metodiek was om wat hierdie rabbi ookal geleer het uit die hoof te leer en eindeloos te herhaal. Die studente moes die stelling weer woordeliks aan die leraar kon teruggee. Die hoeveelheid materiaal wat uit die hoof geleer moes word het jaar na jaar in steeds vinniger tempo toegeneem, totdat dit so baie was dat rabbi Jehuda “die tradisie van die oudstes” in ongeveer 200 n.C. op skrif vasgelê het in die “Mishna” (die woord beteken: “herhaal/herhaling”). Later moes dit wat in die Mishna gestaan het, uitgelê en uitgebrei word. Die kommentare op die Mishna word die “Gemara” (die woord beteken: “volledig maak”) genoem. Deur die Mishna en die Gemara saam te voeg het die “Talmud” (die woord beteken: “leerstellings”) ontstaan. Die rabbynse skool te Jerusalem het “die Jerusalemse Talmud” en die rabbynse skool te Babilon het “die Babiloniese Talmud” saamgestel. Dit is lywige boeke. Die Babiloniese Talmud bevat vier maal soveel materiaal as die Jerusalem Talmud en word as die mees gesaghebbende Talmud beskou.

**Wat Jesus sê oor die oorlewering (tradisie) van die oudstes.** Die Fariseërs het die hele tyd die oorlewering of tradisie van die oudstes bevorder. In die verband van Matteus 15 is waarskynlik ’n aantal Fariseërs en Skrifgeleerdes deur hulle kollega’s in Jerusalem afgevaardig om te probeer om die optrede van Jesus Christus stop te sit. Hulle het opgemerk dat die dissipels van Jesus die oorlewering of tradisie van die oudstes (Talmud) nie gevolg het nie, omdat hulle nie hul hande gewas het op die voorgeskrewe manier soos deur die die Fariseërs en Skrifgeleerdes aan die mense geleer is nie.

Die oorlewering of tradisie van die oudstes was alleen geïnteresseerd in *uiterlike sake (handelinge)*. Dit het niks te make gehad met moderne higiëne nie, maar alles met seremoniële (rituele) reinheid. Hulle het vereis dat alvorens mense geëet het hulle eers hul hande op seremoniële manier moes reinig of was, omdat hulle op die mark (in die openbaar) in aanraking gekom het met die heidene wat hulle as “onrein” beskou het (sien Handeling 10:28). Die seremoniële manier van hande was, was soos volg: met die een hand is water op en oor die ander hand uitgegiet! Of iemand anders het water op en oor die hande van die ander persoon gegiet, terwyl hy sy een vuus in die ander hand gedraai het. In Markus 7:3 staan (letterlik): “Eet nie tensy hulle hul hande gewas het *deur met die vuus in die ander hand te draai*” (Grieks: pugme nipsóntai) (ANV: hulle hande behoorlik gewas). In 2 Konings 3:11 staan letterlik: “Elisa het die water op die hande van Elia uitgegiet” (Grieks: epecheó hudór epi cheiras). (ANV: Elisa het sy opleiding by Elia gekry). So het die Fariseërs en Skrifgeleerdes ware innerlike vroomheid vir uiterlike wettiese seremonies en die innerlike houding van die hart vir die uiterlike konformiteit aan die oorlewering of tradisie van die oudstes verruil.

Jesus het gesê dat in die oë van die Fariseërs sy dissipels die oorlewering of tradisie van die oudstes oortree het, maar dat die Fariseërs die Woord van God oortree het! Hy beskuldig die godsdienstige leiers dat hulle die Woord van God ondergeskik aan die oorlewering of tradisie van die oudstes gemaak het! Hulle het die menings van mense belangriker as die geopenbaarde Woord van God beskou!

As voorbeeld herinner Jesus hulle aan hoe hulle hul ouers onteer deur hulle nie te ondersteun nie. As kinders hul ouers nie wou ondersteun nie met wat hulle regtig nodig gehad het nie, *kon hulle gewoon gesê het*: “My geld is ’n offergawe aan God!” Volgens die Fariseërs stel hierdie uitspraak hulle vry van die verpligting om hul ouers te ondersteun. Dit was die manier waarop hulle die geld dan vir hulself gehou het. Hierdie tradisie van die oudstes is volkome in stryd met die bevel van God wat sê, “Eer jou vader en jou moeder” (Eksodus 20:12)! Daarom het Jesus gesê: “So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van die oorgelewerde gebruike. Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom toe hy gesê het: ‘Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af. Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooi van God voor te hou nie’” (Matteus 15:6-9). Jesus het die die oorlewering of tradisie van die oudstes slegs as menings en onderwysings van mense beskou en nie as opdragte van God nie! Elke mening, onderrig en toepassing van mense moet met die Woord van God getoets word en aan die Woord van God ondergeskik gestel word!”

**Wat Jesus sê oor mense wat die oorlewering van die oudstes bevorder.** Jesus beskou die Fariseërs as “huigelaars”. Hulle het voorgedoen as vroom en toegewy, maar in werklikheid was hul skynheilig! God eer was slegs maar uiterlike vertoon (Matteus 6:5; Lukas 18:11). Innerlik was hulle korrup en hulle harte was ver van die Lewende God verwyder! Jesus het gesê dat die aanbidding van God deur soortgelyke mense met menselike godsdienstige reëls (wette) volkome tevergeefs was!

Daarop het Jesus Homself van die Fariseërs en Skrifgeleerdes weggekeer en die skare mense aangespreek. Hy het aan hulle gesê, “Wat by die mond ingaan (ook met ongewaste hande) maak geen mens *onrein nie*, maar wel dit wat vanuit sy mond uitgaan! Die dinge wat uit die mond kom, kom uit die hart van die mens en dit verontreinig hom.” Die probleem van die mens is nie eksterne verontreiniging nie, maar interne verontreiniging! En interne verontreiniging lei tot eksterne verontreiniging! Die harte van die mense gebruik hulle monde om allerlei verontreiniging na buite te bring. Bose gedagte en planne word in die hart gevorm en kom deur die mond en gedrag tot uiting.

So het Jesus Christus die godsdienstige leiers in die openbaar as “huigelaars” en “oortreders van die Woord van God” ontmasker! Hierdie godsdienstige leiers het hulle as “leraars van Gods wet” voorgedoen, maar in werklikheid was hulle “verspreiders van menslike oorlewering of tradisies”! Deurdat Jesus die Woord van God (die Bybel) bo die oorlewering van die godsdienstige leiers en leraars gestel het, het hulle hul invloed oor die mense verloor. Daarom het hulle ’n komplot gesmee om Jesus te dood te maak.

Die volk van God word beskou as:

- “’n groeiende en bloeiende boom” (Psalm 1:3; 92:13)

- “die wingerd van die HERE” (Jesaja 5:7)
- “’n tuin met volop water, soos ’n fontein waarvan die water nie opdroog nie” (Jesaja 58:11)
- “die saailand van God” (1 Korintiërs 3:9).

Wat geplant is, kan alleen groei en bloei as God Self die Planter is (Johannes 3:3-8; 6:44)!

Helaas is daar ook ander plante wat nie deur God geplant is nie, byvoorbeeld “die onkruid tussen die koring” wat deur die satan geplant is (Matteus 13:25,39). Jesus het die Fariseërs nie as wedergebore beskou nie. Hy het gesê, “Elke plant wat My hemelse Vader nie geplant het, sal uitgetrek word (Matteus 15:13)!

Elke plant wat nie deur die God van die Bybel geplant is nie, sal met wortel en tak uitgeroei word en in die vuur van die hel gewerp word (Matteus 3:10-12; 13:42; Johannes 15:5-6; Judas 12). Dit gebeur in die laaste oordeel. Intussen kan mense ’n plant of boom ken aan sy vrugte (Matteus 7:15-20) of ’n rank aan sy vrugte (Johannes 15:4-6). Jesus het die godsdienstige leiers van die Jode as “blinde leiers” beskou. Op hierdie punt vertel Jesus dan “die gelykenis van ’n blinde wat ’n blinde lei”.

**(2) Die verhaal van die gelykenis staat in Matteus 15:14.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staat in Matteus 13:15-20.**

### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

*Inleiding.* Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in ’n gelykenis noodsaaklik ’n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van ’n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van ’n gelykenis ’n geestelike betekenis toeskryf nie!

*Ontdek en bespreek.* Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

*Aantekeninge.* Jesus beskryf die godsdienstige leiers as “huigelaars” en die leraars van die Jode as “blinde leiers”! Die detail is noodsaaklik en relevant.

### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

*Inleiding.* Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. ’n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om ’n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van ’n gelykenis.

*Bespreek.* Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

**“Die gelykenis van ’n blinde wat ’n blinde lei” in Matteus 15:14 gaan oor “gehoorsaamheid aan God se Woord in God se koninkryk”.**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die volg van blinde godsdienstige leiers wat op menslike oorlewering (tradisies) in plaas van die Woord van God bou, lei na die verderf.”**

Die ken, begryp en gehoorsaam van God se Woord is één van die fundamentele kenmerke in God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk het oë wat deur die Heilige Gees geopen is om geestelike waarhede te sien (1 Johannes 2:26-27). Maar alle mense wat nie deur die God van die Bybel geplant is nie (d.i., wedergebore is nie), bly geestelik blind.

### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Inleiding.* Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

*Ontdek en bespreek.* Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

*Aantekeninge.*

**(1) Die blindheid van die Fariseërs.**

*Lees* Johannes 9:35-41; Romeine 2:17-24. Nadat Jesus die ligamlike blindheid van ’n man genees het, genees Hy ook sy geestelike blindheid. Die man kon nou nie alleen die fisiese werklikheid, maar ook die geestelike werklikheid sien. Hy herken Jesus as die Messias en Verlosser! En hy glo in Jesus Christus.

Die Fariseërs egter maak daarop aanspraak dat hulle geestelike waarhede begryp, terwyl hulle in werklikheid geestelik blind was! Hulle herken Jesus Christus nie as die verwagte Messias en Verlosser van die wereld nie. Daarom glo hulle ook nie in Jesus Christus nie. Toe sê Jesus, “Ek het na hierdie wereld gekom met die oog op ’n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word” (Johannes 9:39). Die blindheid van die Fariseërs was geestelik!

Die blindheid van godsdienstige huigelaars soos die Fariseërs is *deur hulself veroorsaak*, omdat hulle voortdurend hul harte teen die Woord van God (die Bybel) verhard het. Wanneer 'n mens aanhou om sy hart teen die God van die Bybel en die Bybel te verhard, kom daar 'n tyd dat sy hart heelmaal permanent verhard word, sodat hy die Bybel nie meer kan verstaan nie, homself nie meer kan bekeer nie en ook nie meer gered (verlos) kan word nie (Matteus 13:11-15; Johannes 3:19-20)!

Die blindheid van godsdienstige huigelaars soos die Fariseërs is *'n misleiding van hulself*. Deur hul eie blindheid bly godsdienstige leiers hulself beskou as geestelike leiers van mense en dink hulle dat hulle alleen die geestelike werklikhede kan sien (Johannes 7:47-49; Romeine 2:17-24)!

## **(2) Die balk in die oog.**

*Lees* Lukas 6:39-42. Jesus het gesê, “Kan 'n blinde miskien 'n ander blinde lei? Sal hulle nie altwee in 'n sloot val nie? ... Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter, uit jou broer se oog uit te haal.” Elkeen wat 'n gids wil word vir ander, moet self eers wedergebore word en hulle bekeer! Hy moet toelaat dat God eers met sy huigelary, oortreding van God se Woord en persoonlike sonde afreken. Alleen wanneer God sy oë vir die geestelike waarhede geopen het en sy innerlike lewe verander het, kan hy ander help.

---

## **B. DIE GELYKENIS VAN DIE VERSTANDIGE EN DWASE BOUERS**

*Lees* Matteus 7:15-27 en Lukas 6:43-49.

### **1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

*Aantekeninge.*

Die verhaal van die gelykenis bestaan uit drie onderdele:

**Die manier waarop die twee bouers bou.** Twee mense bou hul eie huis. Hierdie huise was nie van beton en bakstene soos vandag die norm is nie. 'n Dief kon byvoorbeeld 'n gat in die muur maak (Matteus 6:19). Die dak het bestaan uit hout pale en latte waarop grond en gras gelê is en wat ook deurgebreek kon word (Markus 2:4; Psalm 129:6). Alles was afhanklik van 'n baie stewige fondament!

Hierdie twee bouers het hul huise in 'n vallei gebou waardeur reënwater gevloei het. Gedurende die droë seisoen was die stroom heeltemal droog, maar nie in die reënseisoen nie. Die eerste bouer was verstandig en *het nagedink oor wat daar in die toekoms sou kon gebeur*. Hy het rekening gehou met die feit dat na die droë seisoen 'n reënseisoen sou volg. Daarom bou hy sy huis sodat dit in elke seisoen sou kan bly staan. Hy het die los grond en sand tot op die rotsbodem verwyder (Lukas 6:48) en 'n stewige klip fondament op hierdie rotsbodem gebou. Die tweede bouer was dwaas en het *nie aan die toekoms gedink nie*. Hy het sy klip fondament gewoon bo-op die sand of grond gebou wat oral in verskillende lae voorgekom het.

**Die proef waaraan die huise blootgestel word.** Gedurende die reënseisoen dryf die wind stortbuie vanuit die Middellandse See in die weste oor die land. Behalwe windvlae kom daar ook wolkbreuke voor en vorm riviere wat met geweld afstroom. Die wind druk op die mure en die water sleur die sand en grond rond die klipfondament weg.

**Die resultaat van die proef en waarom dit die resultaat word.** Die water kon die fondament van klippe op die rotsbodem nie wegspoel nie, maar wel die sand en grond onder die klipfondament van die tweede huis. Die wind het wel teen die mure van die eerste huis gedruk, maar kon dit nie omwaai nie. Omdat die sand onder die fondament van die tweede huis egter weggespoel het en die wind teen die mure gedruk het, het die tweede huis soos 'n kaarthuis inmekaar gestort!

---

### **2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.**

*Ontdek en bespreek.* Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

*Aantekeninge.*

#### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofdstuk 5-7, die Bergrede. Dit het vier onderdele:**

**Die teenstelling tussen die breë en die smal weg (pad).** In Matteus 5:1-16 beskryf Jesus die geregtigheid van die koninkryk van God. Lewe in ooreenstemming met die kultuur van die koninkryk van God maak mense geseënd in God se oë. Die burgers van die koninkryk van God is soos sout op die aarde wat bederf teenwerk, wonde genees en smaak aan die geheel (bv. voedsel) gee. Hulle is soos ligte wat in die duisternis van hierdie wêreld skyn. Jesus lê uit dat die hou van die Tien Gebooe in God se koninkryk baie meer behels as net die uiterlike gehoorsaamheid van wette (rekening hou met die strafwette). Jesus skenk geregtigheid deur sy soendood en vereis geregtigheid in hoe die burgers van God se koninkryk behoort te lewe.

Uiteindelik spoor Hy mense aan om God se koninkryk deur die nou poort in te gaan (Matteus 7:13-14). Hy waarsku teen profete van godsdienste wat alleen maar uiterlike geregtigheid leer (Matteus 7:15-20) of wat godsdienste bedryf sonder om Jesus Christus te betrek (Matteus 7:21-27).

**Die teenstelling tussen die vals en die ware profete.** In Matteus 7:15-20 leer Hy wat vals profete doen. 'n Vals profeet word nie deur die God van die Bybel uitgestuur nie. Hy bring alleen maar sy eie boodskap en vertel mense wat hulle graag wil hoor (Jesaja 30:10; Jeremia 23:9-32; 2 Timoteüs 4:3-4). Die valse profeet doen asof hy deur God gestuur is en die waarheid spreek.

Mense kan 'n vals profeet herken aan die vrugte wat hy dra (Matteus 7:15-20), aan hoe hy leef: veral hoe hy mense (in boosheid) doodmaak (Matteus 5:21-26), hoe hy na vroue kyk (Matteus 5:27-30), hoe hy oor egskeiding dink (Matteus 5:31-32), hoe hy leuens spreek en sy boodskap in 'n later stadium verander (Matteus 5:33-37), hoe hy (deur sogenaamde heilige oorloë) wraak neem (Matteus 5:38-42) en hoe hy sy vyande haat (Matteus 5:43-48).

Die geregtigheid van ware profete is meer as die van godsdienstige huigelaars soos die Fariseërs (Matteus 5:20,47)!

**Die teenstelling tussen die praters en die doeners.** In Matteus 7:21-23 waarsku Jesus Christus die burgers van God se koninkryk teen huigelaars in die godsdienste van die wêreld. 'n Prater praat wel asof hy God ken, maar hy doen nie die wil van die God van die Bybel nie. Hy is 'n naam-Christen en nie 'n wedergebore Christen (Johannes 3:7) nie. Jesus ontken nie dat nie-Christene wonders kan doen nie omdat God dit toelaat. Byvoorbeeld, Judas Iskariot het wonders gedoen (Matteus 10:1), miskien deur die mag van die satan (2 Tessaloniense 2:9-10) of om deur bedrieglike kunste en illusies mense te mislei. Die rede waarom dergelyke mense deur die God van die Bybel veroordeel word, is nie omdat hul prediking fout was of hul wonderwerke nagmaak was nie, maar omdat hulle self nie gedoen het wat hulle verkondig het nie (Matteus 23:3)! 'n Doener is 'n mens wat sê en doen wat God bly maak. Hy verkondig die waarheid en doen die waarheid wat hy verkondig. 'n Doener word aan sy vrugte geken!

**Die teenstelling tussen die doeners en die hoorders.** In Matteus 7:24-27 waarsku Jesus Christus die burgers van God se koninkryk teen dwase mense. 'n Dwaas hoor wel wat Jesus leer, maar hy doen dit nie in die praktyk nie. 'n Verstandige mens pas altyd die onderrig van Jesus in die praktyk toe.

**(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 7:13-14 in die vorm van 'n vermaning.**

**(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in hierdie vermaning.**

Jesus lê die bou van 'n huis op 'n rots uit as die doen van die woorde van Jesus Christus. Hierdie woorde staan in die Bergrede (Matteus hoofdstuk 5-7) en in die res van die Bybel opgeteken (sien Matteus 28:19-20).

---

### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.** 'n Kerkvader, genaamd Chrysostomus (347-407 n.C.) het gesê, "Diegene wat die onderrig van Jesus Christus gehoorsaam, ontvang nie alleen seën in die toekoms nie, maar ook hier en nou. Die seën van die regverdige is dat hy 'n krag het wat die vyand nie kan vernietig nie. Wat so besonder is, is dat veral in die vreeslike storms van die lewe (in groot beproewings en aanhoudende versoekings) "die regverdige nie beweeg kan word nie!" Hy beskou "die reën en watervloed" as simbole vir al die probleme in die lewe. En "die rots" as die standvastigheid van die onderrig van Jesus Christus wat 'n Christen ver bo die golwe van menslike aanslae plaas.

**Die rots en die sand.** Jesus gee geen besondere betekenis aan hierdie detail nie. Daarom moet ons ook nie oor die betekenis van hierdie beelde spekuleer nie. Nietemin openbaar Jesus Christus Homself en sy wil deur wat Hy sê en beveel. Daarom is dit wel juis om te sê dat die geestelike betekenis van die gelykenis van die verstandige en dwase bouers te doen het met "die rots" Jesus Christus en sy onderrig (Woord) en dat "die sand" 'n simbol is vir menslike insigte en menings.

**Die bouer op die rots en die bouer op die sand.** Jesus lê hierdie details uit en daarom is hulle essensieel en relevant. "Bou op die rots" verteenwoordig die doen van die woorde van Jesus Christus. Elkeen wat in ooreenstemming met die woorde van Jesus Christus leef, bou sy lewe op Jesus Christus! "Bou op sand" verteenwoordig die vertrou op jouself en jou eie insig, wat nie aan die toekoms dink nie en veral wat nie doen wat die woorde van Jesus Christus sê nie.

**Die stortreën, die waterstrome en die winde.** Jesus gee hierdie details geen betekenis nie. Maar vanuit die verband is die duidelik dat hulle "die toets/beproewing" verteenwoordig. Die toets kan in die vorm van valse profete kom (Matteus 7:15-20), of in die vorm van beproewings (Genesis 22, Abraham; Job 1-2, Job), of in die vorm van versoekings (Genesis 39, Josef), of in die vorm van verlies (Genesis 42:36; Job 1:18-22), of in die vorm van die dood (Handelinge 7:59-60; 9:36-37), maar dit sal beslis kom in die vorm van die laatste oordeel (Matteus 24:42-44; 25:6,31-33; 1 Tessaloniense 5:2).

**Die huis wat nie instort nie.** Jesus lê die detail nie uit nie. In die Bybel hou dit verband met die oorwinning van die gehoorsame Christen. Elke wyse mens wat toon dat hy die woorde van Jesus Christus in sy hart en lewe aangeneem het, sal nie beskaam word nie (1 Petrus 2:6). Selfs die laatste oordeelsdag sal vir hom of haar niet vreeslik wees nie, maar sal 'n dag van triomf (blydskap) wees (1 Tessaloniense 2:19-20; 3:13; 4:16-17; 2 Tessaloniense 1:7,10; 2 Timoteüs 4:8; Titus 2:13-14).

**Die huis wat instort se val was groot.** Ook hierdie detail lê Jesus nie uit nie. In die Bybel hou dit verband met ongehoorsame mense. Elke dwase mens wat sy dwaasheid toon deur Jesus Christus te verwerp, sal in die laaste oordeel verwerp word.

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?  
*Aantekeninge.*

**“Die gelykenis van die verstandige en dwase bouers” in Lukas 6:43-49 leer oor “gehoorsaamheid in die Koninkryk van God”**

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Die fondament vir die bestemming van elke mens moet nie gesoek word in die menings of oorleweringe (tradisies) van mense nie, maar in Jesus Christus. So ’n fondament word gelê deur die onderwysing van Jesus Christus in die praktyk te bring.”**

Die man wat sy huis op die sand gebou het, het wel die woorde van Jesus Christus gehoor, maar vertrou tog liever op sy eie menings (insigte) en tradisies. Die man wat sy huis op die rots gebou het, sit sy vertroue op Jesus Christus deur die woorde van Jesus Christus te gehoorsaam. Elke ambisie wat ’n mens koester, elke plan wat hy maak, elke gedagte wat hy uitdink, elke woord wat hy spreek en elke daad wat hy verrig vorm die boustene van sy huis. Goeie boustene moet op die fondament Jesus Christus gebou word (1 Korintiërs 3:9-15), veral deur die woorde van Jesus Christus te gehoorsaam (na te kom).

Gehoorsaamheid aan Christus en God se Woord (die Bybel) is een van die fundamentele kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers van God se koninkryk stel geen vertroue op hul eie vermoë of op die menings en tradisies van mense nie. Hulle stel al hul vertroue op Jesus Christus (God). Hulle hoor nie alleen God se Woord nie, maar doen God se Woord!

---

#### **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

*Ontdek en bespreek.* Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?  
*Aantekeninge.*

##### **(1) Afwysing van God se Woord.**

*Lees* Psalm 118:22; Spreuke 1:20-33; Jesaja 5:24; 30:1-2; Hosea 4:6; Lukas 7:30.

Hosea 4:6 sê, “Omdat jy jou taak om hulle aan My toe te wy, verwerp het, verwerp Ek jou as my priester. Omdat jy die wil van jou God verontagsaam het, verontagsaam ek die priesters wat onder jou dien.”

In Spreuke 1:24-28 sê die wysheid van God, “Ek het geroep, maar julle wou nie luister nie, ek het my hande uitgesteek en julle het dit nie gegryp nie. Julle het my raad alles in die wind geslaan, julle wou julle nie laat tereg wys nie. Daarom sal ek lag as die ongeluk julle tref, ek sal met julle spot wanneer die ang julle oorval, wanneer nood en kwellings oor julle kom. Die ang sal soos ’n storm oor julle kom, die ongeluk soos ’n orkaan. Dan sal julle roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie.” Hierdie Bybelgedeeltes waarsku dat ’n mens God se Woord nie sonder baie ernstige gevolge kan verwerp nie.

Jesaja 30:1-2 waarsku mense om geen plan uit te voer wat nie God se plan is nie, om geen verhoudings aan te gaan sonder die Gees van God en geen rigting in te slaan sonder om God eers te raadpleeg nie.

##### **(2) Gehoorsaamheid aan God se Woord.**

*Lees* Matteus 4:4; Lukas 8:15; 11:28; Johannes 14:21,23. In Lukas 8:15 verteenwoordig die “goeie grond” Christene wat God se Woord hoor, verstaan, aanneem, vashou, in ’n goeie en rein hart en met volharding vrugte dra. Die doel van God se Woord is dat Christene baie vrugte sal gaan dra.

##### **(3) Christus as die Rots.**

*Lees* Jesaja 28:16; Romeine 9:33; 1 Korintiërs 3:11; 10:4; 1 Petrus 2:6. 1 Petrus 2:6 sê dat Jesus Christus die uitverkore Hoekklip is. “Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.” En 1 Korintiërs 3:11 sê dat Jesus Christus die Enige Fondament van ’n Christen kan wees. Hierdie Bybelgedeeltes leer dat Jesus Christus die Fondament van ’n Christen moet wees waarop die Christen verder bou.

---

## **C. 'N SAMENVATTING VAN DIE BELANGRIKE ONDERWYSINGS OF LESSE VAN HIERDIE GELYKENISSE OOR GEHOORSAAMHEID AAN GOD SE WOORD IN GOD SE KONINKRYK**

**Bespreek.** Wat is die belangrikste onderwysings of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus ons om te *weet*, te *glo*, te wees en te *doen*?

**Aantekeninge.**

**(1) Alle mense moet weet hoe God en Jesus Christus is.**

Jesus Christus is die Rots waarop mense hul lewens moet bou. Wie sy lewe op Jesus Christus bou, sal nooit beskaam word nie! Jesus Christus openbaar homself en sy wil deur sy onderwysings. En die onderwysings van Jesus Christus is in die Bybel opgeteken. Wie die woorde van Jesus Christus gehoorsaam (doen), bou sy lewe en sy bestemming op Jesus Christus. Wie sy lewe op homself of op ander mense bou, sal seker misluk, omdat Handeling 4:12 sê dat daar geen verlossing moontlik is buiten Jesus Christus nie.

**(2) Christene moet weet hoe hul behoort te wees.**

Christene het die verantwoordelikheid om hul lewens stewig op die Rots, Jesus Christus en sy onderwysings te bou. Waarom is dit so aantreklik om die woorde van Jesus Christus te gehoorsaam (te doen, uit te voer, in praktyk te bring)? In Johannes 14:21,23 sê Jesus, “Wie My opdragte het en dit uitvoer, dit is hy wat My liefhet, en wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar. ... Ons sal na hom toe kom en by hom woon.” Deur die onderwysings van Jesus Christus te gehoorsaam, word ’n persoon baie seker en ervaar hy dat God hom liefhet! Deur die woorde van Jesus Christus te doen, groei ’n persoon in sy verhouding tot Jesus Christus. Christus zal Homself steeds meer en meer openbaar en sy teenwoordigheid (nabyheid) laat voel. Dit is nie soseer die bevel om Christus te gehoorsaam as die seëning om Hom steeds beter te ken en daagliks te ervaar wat die Christen motiveer om Christus en sy onderwysings te gehoorsaam!

<b>5</b>	<b>GEBED</b> (8 minute)	<b>[REAKSIES]</b> <b>GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD</b>
----------	-------------------------	---

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

<b>6</b>	<b>VOORBEREIDING</b> (2 minute)	<b>[OPDRAGTE]</b> <b>VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</b>
----------	---------------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op ’n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer** die gelykenis van “’n blinde wat ’n blinde lei” en “die verstandige en dwase bouers” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 101, 103, 104 en 107**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings. (2) God is majestuees. 1 Kronieke 29:11.** Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 7:1-13**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.